DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

2 September 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 145: 4, 5	Sing vooraf	Sb. 9-4: 4, 5 (21)
Sing	Ps. 18: 1, 12	Sing	Ps. 118: 12, 14
	Ps. 86: 3, 8		Ps. 128: 1, 2
	Sb. 11-3: 1, 4, 5 (16)		Ps. 121: 1, 2, 4
	Ps. 103: 2, 3		
Skriflesing	Matteus 6:1-4 ; 25:31-40	Skriflesing	Efesiërs 5:15-32 HK Sondag 41 Vraag 108
Teks	Matteus 6:2-4	Teks	Efesiërs 5:25-29
Tema	**Christelike barmhartigheid soek alleen die eer van God**	Tema	**'n Gelowige man leef kuis en ingetoë met sy eie vrou**
Katkisasie-opening: Psalm 100: 3			

2. ALGEMENE KERKNUUS

BEROEPE

Beroepe Ontvang

- Ds. W Jobse (Wilhan) van Jeffreysbaai na Kemptonpark
- Ds. TJ Moletsane (Jeremia) van Sanveld na Zamdela, Boipatong, Sharpeville en Sebokeng
- Ds EJ van Jaarsveld (Janré) van Tsumeb na Durban-Noord

Beroepe Aanvaar

- Ds. AB van der Walt (Braam) van Lichtenburg na Eden

Beroepe Bedank

- Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Kemptonpark

BYBELPLASINGSTOER NA MALAWI

Die Deputate Jeugsorg bied 'n Bybelplasingstoer na Malawi vir hoërskoolleerders en studente. Dit vind plaas van 23 Junie tot 4 Julie 2019. Beperkte plekke is beskikbaar en inskrywings sluit Februarie 2019. Meer inligting is op die kennisgewingsborde by die deure beskikbaar.

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Die basaarkomitee wil graag **eerskomende Saterdag** die basaarkamer uitsorteer en regpak. Enige hulp sal baie waardeer word – vele hande maak ligte werk! **Ons begin om 08h30**.

Ons benodig ook nog **koördineerders** vir die **lekkergoed en kerrie-en-rys stalletjies**. Kontak asseblief vir sr. Willina Cilliers indien jy kan help.

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00. Daar is wel ook volgende week bybelstudie, aangesien die Klassis Boland vergadering eers op Dinsdag, 18 September plaasvind.
Bybelstudie vir mamma's: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

GELUKWENSING

- Ons dank God vir die genade van 'n nuwe verbondskindjie vir br. Gerhardus en sr. Thilana Wendt
- Br. Eduard en sr. Marika Roos is gister in die huwelik bevestig. Ons bede is dat God jul huwelik ryklik mag seën!

GEMEENTEKALENDER 2019

Alle datums vir 2019 moet asseblief teen **Sondag, 16 September** by die kerkkantoor op die proefkalender aangeteken word.

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas by **Mizpah** (naby Grabouw) van **Vrydag, 28 September tot Sondag, 30 September**. Alle maaltye word voorsien, slaapplek is in huisies met 'n badkamer en gesinne betaal slegs vir volwassenes en die oudste 2 kinders. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die kamp wil bywoon. Dit is voorwaar 'n geleentheid wat u nie wil misloop nie en beperkte plekke is beskikbaar! Betalings kan per EFT met die verwysing KAMP+naam gedoen word of plaas kontant in 'n gemerkte koevert in die Kassiere kissie.
Kontakpersone: br. Jaco en sr. Willina Cilliers

Koste:	Volwassene	R350
	Kinders 6-16 jaar	R200
	Kinders 2-6 jaar	R50
	Kinders onder 2 jaar kom gratis	

GKSA NUUSBROKKIES

Ons ontvang weekliks nuusbrokkies vanaf die Admin Buro met inligting en gebeure van al die gemeentes in die GKSA. Indien u sou belang stel om dit ook per e-pos te ontvang, skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal. Daar is voorbeelde aangebring vir u insae.

HUISBESOEK

Wyk **Oak Glen** (oudl. Jacobus Venter) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KIERIEKLUB

Br. Peet en sr. Nicolette van der Walt nooi alle belangstellendes om saam met hulle te kom op 'n **informele stap op 3 September** langs 'n 18 km roete in die **Koeberg Natuurreservaat**. Die roete is meestal op hardegrond, maar ook deels langs die see in sandveld. Bring genoeg water en eetgoed saam. Daar word om 07h00 voor Koeberg se hoofweg langs die R27 bymekaar gekom en die motors word binne geparkeer. Kontak asseblief vir br. Peet van der Walt indien jy wil saam stap.

Die Kierieklub beplan om op DV **Saterdag, 22 September** by **Paarlberg** te gaan stap en dan saam piekniek te hou. Alle lidmate is hartlik welkom – ook dié wat nie wil stap nie, maar net wil inskakel vir die geselligheid. Daar is meer besonderhede op die kennisgewingbord in die teedrink-lokaal. Kontakpersoon: br. Willem de Haan

KLIPPIES
Die laerskool leerders kom DV **Vrydag, 14 September** vanaf 18h00 tot 20h00 op die kerkterrein bymekaar. Kontakpersoon: sr. Debbie Daling (083 293 3949).

KREATIEWE KORALE (Hekel-en-Brei)
Die Kreatiewe Korale (voorheen bekend as die hekel-en-brei groepie) kom **Donderdag** van 19h00 tot 21h00 bymekaar in die konsistorie. Ons nooi graag alle lidmate om **enige kreatiewe projek** te bring en saam te kom kuier. Kontakpersoon: sr. Emzy Venter

LEWENDE STENE & ROTSE
Die hoërskool leerders en studente kom DV vanaand vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar in Bellville-Oos gemeente se kerkgebou. Prediker 11 word behandel in bybelstudie.
Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

MEELEWING
Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Br. Gerrit van Milligen wat steeds in Durbanville Medi-Kliniek is.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK
Praise: For encouraging and productive church plant and liturgical deputies meeting in Randburg, where Rev. Jooste was present
Prayer: For a renewed desire to honor Christ by showing hospitality to the least among us (Matt. 25)

SMULFEES
Die susters nooi u hartlik uit na die jaarlikse Smulfees op DV **Vrydag, 7 September** om **18h30**. Hierdie jaar is ons tema **Liplekker-Lemoene**! Vandag is die laaste geleentheid om u naam op die lys in die teedrink-lokaal te skryf indien u die geleentheid wil bywoon. Die koste verbonde is R60 per persoon en R25 per kind (onder 10 jaar). Daar sal, soos oudergewoonte, 'n oppas-diens in die kerkhuis beskikbaar wees. Betalings kan per EFT gedoen word (met die verwysing SMUL+naam) of gee die korrekte kontant in 'n gemerkte koevert vir sr. Margarita van Niekerk. **Daar is 'n lys van benodighede in die teedrink-lokaal aangebring en enige donasies sal waardeer word.** Kontakpersoon: sr. Tillie Wüst

4. SUSTERS

BESTUUR 2019
Die Sustersbestuur vir 2019 is: srs. Judy Venter (voorsitter), Deléne Vrey (onder-voorsitter), Annalize Louw (sekretaresse), Willina Cilliers, Nicolette Costerus, Lizelle Janse van Rensburg, Yolandi Taljaard, Sanet van Hoving en Emzy Venter. Baie geluk en dankie dat julle bereid is om so in ons gemeente diensbaar te wees!

EMBLEEM VIR DIE SUSTERS
Die keuse van 'n embleem het op 'n staking van stemme geëindig. Die bestuur het dit goed-gedink om weer 'n uitnodiging te rig aan alle lidmate om jul ontwerp(e) vir 'n embleem voor te lê. Die tema: **Omgee**, gebaseer op Johannes 14:20-21: "... weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle. ... en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar." **Die sluitingsdatum is Woensdag, 12 September**. Gee die ontwerpe asseblief ná die oggenderediens aan srs. Judy Venter of Deléne Vrey of stuur dit per e-pos aan judy.venter@mweb.co.za

KOMBUIS
Daar is heelwat breekware en ander items in die kombuis wat al 'n geruime tyd daar staan. Alle items wat nie binnekort opgeëis word nie, sal aan die basaar geskenk word. Gaan kyk asseblief of daar van jou besittings is!

Verder doen ons 'n beroep op u om asseblief die breekware en ander items wat u gebruik het, weer skoon en netjies terug te pak in die kaste. Die kombuis komitee het hard gewerk om die kombuis en kaste so mooi uit te sorteer en ons wil dit graag so hou!

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Emzy Venter**, Antoinette Douglas, Elrika du Toit, Marietjie Myburgh, Sanet van Hoving, Hita van Wyk, Georgene van Zyl en Linda van Zyl

Volgende Sondag: Srs. **Geertje Groenewald**, Adeline Eiberg, Jeany Groenewald, Alma Mulder, Suanné Mulder, Sophia Thiart, Miems van Heerden en Tillie Wüst

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Lawrence Lombard, Piet Reyneke, Dewald Costerus, **Cobus du Plessis**

Volgende week: Brs. Pieter van Niekerk, Paul Swart, Herman Boneschans, Jaco Coetsee

Ouderlinge

Vandag: Brs. Jaco Cilliers, Elzar Wendt, Johan Snyman

Volgende week: Brs. Ruhan Coetzee, Llen Labuschagne, Willem de Haan, Daan Joubert

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. Harm du Plessis, Albert Mulder

Volgende week: Brs. Piet Aucamp, Tommie Venter

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Alta du Toit	Diakonale Kas
By die deure:	Bybelverspreiding	Instandhouding van Eiendomme

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

September: 03/09 Oak Glen, 17/09 Goedemoed

Oktober: 15/10 Chrismar, 29/10 Langeberg Ridge

November: 12/11 Brackenfell 1, 26/11 Table View

VERGADERINGS

Skiereiland vir Christus

Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. ‘n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Stefanie Brink** gelukwens met haar **88ste** verjaarsdag!

03/09	Sr. Bianca Myburgh Luc Zanin (6 jaar)
04/09	Sr. Ilse Beyers Br. Kobus Opperman
05/09	Sr. Stefanie Brink
06/09	Jana du Plessis (1 jaar)
07/09	Sr. Nicolette van der Walt Sr. Agustia van Heerden
08/09	Sr. Bokkie Aucamp Br. Louis Koen

Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder. *Jesaja 12:2*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za